

#8

# Magiese mandala

Versier jou vloer met 'n pragtige stensil-ontwerp.

*Deur* **Nadine Vosloo** • *Foto's* **ER Lombard**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 2 uur

Kyk na die video op netwerk24.com/tuis/.

Foto's geneem by Moredou Interiors (moredou.co.za)





**WAT JY NODIG HET**

- 750 ml lakverdunner
- kaasdoek • maskeerband
- stensil (die ontwerp word vier keer herhaal om die mandala te voltooi)
- vier 290 ml-potjies Stencil of Paris
- 40 ml Tjhoko Paint in die kleur Da'vid
- 5 cm-verfskraper

**PROJEKNOTAS**

- Gebruik een potjie Stencil of Paris vir elke vierkante meter.
- Deur krytverf by Stencil of Paris te voeg, kleur jy nie net die pasta nie, jy maak die finale oppervlak ook meer wasbaar.
- Dit neem Stencil of Paris 2 tot 3 uur om heeltemal droog te word, afhangend van hoe dik die pasta aangewend is. Die pasta moet ook heeltemal droog wees voordat jy enige meubels daaroor plaas.
- Kies 'n veeldoelige huishoudelike reiniger vir die skoonmaak van die gestensilde vloer.

## Só maak jy …


1

**1** Maak die sement-oppervlak goed skoon met kaasdoek gedoop in lakverdunner en wag 20–40 minute totdat dit heeltemal droog is.


2

**2** Posisioneer die stensil op die vloer (dis belangrik dat jy die volle grootte van die ontwerp in ag neem). Plak dit vas met maskeerband.


3

**3** Meng 10 ml Tjhoko Paint in die kleur Da'vid by 'n potjie Stencil of Paris.


4

**4** Wend dit dan mooi egalig met 'n paletmes of verfskraper oor die stensil aan tot so dik soos jy dit wil hê. Verwyder die stensil versigtig terwyl die pasta nog nat is. Was die stensil en skraper deeglik in louwarm water


5

nadat jy elke kwart van jou mandala gestensil het en wag tot die pasta heeltemal droog is voor jy die volgende kwart stensil.

**5** Herhaal stap 2 tot 4 om die motief te voltooi.

**KONTAK Tjhoko Paint** 073 206 3104, tjhokopaint.co.za



**Verfkleur**
Dani's Dare